Sing vooraf: Psalm 67:1 (p. 326)

1 Wees ons, o HEER, wees ons genadig / en seën ons by owervloed;
U aanskyn, laat dié weer weldadig / ons koester met sy liefdegloed;
dat vir verste volke / deur ontslote wolke / kennislig kan breek;
nasies met verblyding / van die blye tyding / in hul land kan spreek!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 147:1, 2 (p. 704)

1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys!
Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing,
die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou,
Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf,
versamel op die heil'ge erf.

2 Hy heel gebrokenes van hart,
en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver;
Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet,
oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer,
maar goddeloses werp Hy neer.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 119:22 (p. 591)

22 Vriend is ek van al u vriende, / met hul in u waarheid een;
leer my, HEER, wat met u goedheid / dring deur wêreldwydtes heen;
maar wat ook na u beloftes / aan u kneg het wel gedaan.
Gee my insig, gee my kennis / en 'n hart om te verstaan.

Skriflesing: Johannes 14

Teks: Johannes 14; Kategismus Sondag 5 en 6

Die hoop op verlossing was al by Adam en Eva gewek toe die Here in Genesis 3:15 die belofte gemaak het dat die Hy vyandskap sal stel tussen die vrou se saad en die slang se saad.

- Die Here Jesus Christus se oorwinning oor die duiwel en sy werke word daarmee voorspel:
  Hý sal jou die kop vermorsel en jý sal hom in die hakskeen byt! (Genesis 3:15)
- So word die hoop op verlossing gewek by die hele mensgeslag.

Daar sal dus voortaan twee soorte mense wees:

- Die een groep (die vrou se saad) sal hulle lewe op die Here vestig.
- Die ander mense sal nie hulle lewe en hulle toekoms in die Here alleen soek nie. Hulle sal hulle visier op hierdie aarde en die voordele hier vestig.

Van hierdie laaste groep mense skryf die apostel Paulus dat diegene wat net lewe vir daaglikse brood en vooruitgang in die lewe en prestasie alleen, die ellendigste van alle mense is (1 Korinthiërs 15:19).

- Prestasie en materiële middele is belangrik, maar dit kan nooit die hoofsaak van ons lewens wees nie.
- Die hoofsaak is: Hoe word ek van my sondes en van die dood verlos?
- Hoe gaan ek eendag in die ewige lig by God in?

Ons kan net op een enkele manier verlos word, en dit is as daar genoegdoening is aan die toorn van God vir die sonde wat ons begaan het.

- Die Heilige Gees skryf in Romeine 8:4 dat die reg van die wet vervul moet word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

  . . . sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. (Romeine 8:4 AFR1953)
- Ons wat na die vlees wandel, is die mens in sy sonde – ons is inderdaad dié mense wat na die gees moet wandel as ons verlos wil word.

Met ander woorde, die reg van die wet moet vervul word. Vers 5 en 6 stel ook die verskil tussen die vleeslike en die geestelike mens: Die vlees bedink die dood.

- Dood hier is meer as net om te sterf aan die einde van jou lewe.
- Dood is hier om in die hel te wees – om sonder God te wees ook nadat jy op die aarde gesterf het.

Dit is die kern van die saak. Dis waaroor dit alles gaan.

- Dit is dié saak wat maak dat ons bang is om te sterf, want ons weet nie waar maak ons ons oë oop nie!
- Dit is dié vrees wat ons jaag en in ons agterkoppe bly, naamlik dat ek my oë dalk net in die hel mag oopmaak.

Dit is waarom ons almal die geweldige behoefte voel na verlossing.

- Iewers moet daar hoop wees.
- Iewers in sy Raadsplan moet God genade hê – die genade wat reeds in die eerste dae van die geskiedenis verkondig is.

Terwyl God die mens en die aarde gestraf het, het Hy ook vir hulle hierdie genade geleer: Iemand uit die nageslag van Eva sal gebore word om die verlossing te bewerk.

Die hele geskiedenis van die mens bewys dat ons self geen verlossing kan bewerk nie.

- Ons beste werke is steeds met sondes bevlek.
- Dawid skryf in Psalm 51:5 (7) dat hy in ongeregtigheid gebore is, en dat sy moeder hom al in sonde ontvang het!

Van die heel eerste oomblikke van sy bestaan af was hy en die sonde bondgenote! Ons is presies net so!

- Geen mens wat só in die wêreld kom, kan die verlede en daarmee eers die sonde vir homself ontvlug of oorwin nie.
- Ons kan dus geen verlossing vir onsself of vir iemand anders bewerk nie.

Daarom vestig ons ons hoop op die Verlosser wat God belowe.

- Hy is ’n Verlosser wat eerstens waaragtig mens moet wees.
- Maar terselfdertyd moet Hy ook God self wees.
- As daar so Een gelewe het, het ons hoop op verlossing. Want dan is God se belofte vervul.

In ons tyd het daar al baie erosie in mense se geloof en Bybelkennis ingetree. Daarom moet ons deeglik ondersoek doen in die Bybel na hierdie Verlosser – en dan is daar drie sake wat veral baie belangrik is in die saak van die Middelaar tussen God en die mense.

1. **Die eerste is die vereistes waaraan die Middelaar moet voldoen.**
2. **Die tweede is die waarde wat so 'n Middelaar het.**
3. **Die derde saak is die kenbron. Waar hoor ons van die Middelaar? Waar leer ons Hom ken?**

1. Die vereistes waaraan die Middelaar tussen God en die mense moet voldoen.

Hier, weet ons dadelik, is daar is twee sake van belang.

- Die Middelaar moet in die eerste plek werklik 'n mens wees.
- Hy ook moet absoluut regverdig en volmaak wees.

Waarom moet Hy in die eerste plek 'n mens wees?

- Die hoofrede is omdat dit nie ons beskikking is nie, maar God s'n.
- Hy het geoordeel dat daar deur 'n mens aan sy oordeel en sy reg voldoen moet word.

God se regverdigheid beslis dit omdat dit 'n mens was wat aan God ongehoorsaam was.

- God se regverdigheid beslis dat slegs mense (natuur) wat sondig, gestraf moet word.
- Uit die gesigspunt van God se geregtigheid is dit onregverdig om iets anders in die skepping te straf as die mens wat oortree het.

Daarom word 'n dier of enigiets anders uit die skepping buite orde gereël om die mens met God te versoen.

- Die Here het egter in die Ou Testament die offerdiens ingestel.
- Dit was nie elke keer 'n versoening wat bewerk was wanneer 'n dier geoffer is nie.
- Dit was elke keer 'n profesie of 'n voorspelling van die wyse waarop die Middelaar eendag sy werk sou volbring.

Omdat Adam sondig, moet die Middelaar uit die vlees van Adam gebore word.

- 1 Korinthiërs 15 behandel hierdie saak volledig en toon die verband aan tussen die eerste en die tweede Adam.
    - Die een bewerk die vervloeking.
    - Die ander Een bewerk die verlossing.
- Dis waarom die Messias in die Ou Testament ook *Seun van die mens* genoem word.
    - Regdeur die Bybel word die woorde *Seun van die mens* ook altyd net gebruik in verband met Christus se lyde.

Die Middelaar moet verder *regverdig* wees omdat dit ook in die sondeval en die lewe wat daarna gevolg het, gaan oor die onmag van die mens.

- 'n Onregverdige mens kan nie voor God bestaan nie.
- Die Here sê vir Moses dat niemand hom kan sien en bly lewe nie, en dit het betrekking op die vriendelike aangesig van God. Hoeveel te minder sal ons nie kan bestaan voor God se aangesig van toorn nie!
- Geen besmette mens sal kan staan in die heilige lig wat die Drie-Enige Here omstraal nie.
- Daarom moet die Een wat voor God se regterstoel verskyn, 'n volmaak regverdige wees, anders kan die versoening net nie slaag nie.

Die eis vir die Godheid van ons Middelaar is eintlik nou al beantwoord.

- As 'n mens nie eers God se vriendelikheid kan oorleef voor sy direkte aangesig nie, dan kan dit net God wees wat sy eie toorn kan dra sonder om verdelg te word.

- Daardie eis is vir alle mense en vir die engele te swaar.
    - Dit is waarom in die Bybel geskryf is dat die engele wat in die hemel by die Here diens doen, spesiaal 'n stel vlerke het waarmee hulle hulle aangesigte bedek.
    - Dis sodat hulle nie verdelg moet word nie.

Ons mag ook nie vergeet nie dat die verlossingswerk konsekwensies het tot vandag toe nie.

- Die Here Jesus Christus het aan die kruis gesterf, dis waar – maar wat net so waar is, is dat hy ook 'n ander Trooster gestuur het.
- Hy het die Gees van God gestuur om die verlossing aan ons te bevestig, en om ons in die weë van God te kom lei.
- As die Middelaar nie God is nie, kan Hy ook nie die Heilige Gees terugstuur nie!

Die ander saak waaraan ons moet aandag gee, is *tyd*.

- Geen skepsel kan homself losmaak van tyd nie.
    - Met ander woorde, geen skepsel kan nou iets doen om 'n saak wat klaar plaasgevind het, sê driehonderd jaar gelede, ongeldig te maak nie.
- Ons kan ook net werk solank as wat ons lewe.
    - Met ander woorde, die Middelaar wat ons van sondes moet verlos, moet ook die mag hê om Adam se sondes te versoen.

Die Verlosser se verlossingsdaad moet dus deur die tyd kan teruggryp tot by die skepping, maar ook verder die toekoms in tot by die wederkoms.

- Die verlossingsdaad moet ook so sterk wees dat dit alle tye en alle nuwe strukture wat daar met die tye kom, kan deurstaan.
- Anders is dit nie verlossing nie, want die verlossingsdaad raak uitgedien.

Dit alles maak tog die saak nou baie duidelik: Die Middelaar kan net die HERE wees – God in die werking van Een van sy Persone.

2. Die tweede hoofsaak is die waarde wat die Middelaar het.

Die waarde is dat die Middelaar die vloek van God oor die mens en die skepping ophef.

- Ons lees tog in die Bybel dat die skepping met reikhalsende verlange wag om verlos te word.
- Die waarde is verder dat die Middelaar skeiding maak tussen die mense wat waardig is om te deel in die eer en heerlikheid van God, en dié wat die HERE onteer het en wat sy geregtigheid en waarheid nie wou erken, bely en uitleef nie.
- Die verdere waarde van die Middelaar en sy werk is dat ons die voorreg ontvang dat die Gees van God in ons woon.

Die betekenis daarvan is dat ons voortdurend geestelik gelouter word.

- Ons word altyd versterk – met ander woorde, as ek teenspoed beleef, is dit die Gees van God wat my die krag gee om dit te oorleef, en my geloof te behou.
- Dit is die Gees wat my inspireer om op 'n punt van beslissing die regte keuse te maak.
- Dit is God die Heilige Gees wat ons met die beeld van God versier omdat ons dan ware kennis, geregtigheid en heiligheid kan openbaar – al is dit dan gebroke en onder die sonde.

3. Die derde saak is die kenbron. Waar hoor ons van die Middelaar? Waar leer ons Hom ken?

Waar leer ons die Middelaar ken? Daar is drie bronne.

- Die eerste en belangrikste bron wat die Kategismus noem, is die Bybel – die Woord van God.
    - Soos ons gesien het, het die HERE al op die dag van straf begin om die Middelaar aan ons te openbaar.

    - Van daardie dag af het die Bybel volgens 'n vaste patroon met die openbaring van die Messias gewerk.
        - Daar was die vaste offers wat God ingestel het wat dui op die offerwerk van die Messias. Kain en Abel het al geoffer.
        - Daar was die profete wat met 'n vaste reëlmaat die koms en die werk van die Messias voorspel het.
        - Dan is daar die bevestiging in die Nuwe Testament dat Christus gekom het en sy werk volbring het soos dit voorspel is.

- Dit bring ons by die tweede bron van kennis van Christus, wat die Kategismus nie noem nie: Dit is deur God die Heilige Gees.
    - Ons moet nooit die Drie-Eenheid van God uit die oog verloor nie.
    - Die voorsegginge in die Ou Testament is die werk van die Vader – die totale geskiedenis is sy Raadsplan.
    - In die Nuwe Testament is die Here Jesus Christus self aan die werk. Hy openbaar Homself dan in sy lewe, prediking en in sy kruisiging.
    - Maar nou in ons tyd openbaar die Heilige Gees die Here Jesus en die Vader. Al het ons die Bybel, en die Heilige Gees beweeg ons nie tot insig en geloof van die Here Jesus Christus nie, help alles ons niks.

- Die laaste bron is die natuur.
    - Ons lees in Romeine 1 dat alles wat van God geken kan word van die begin af in sy werke geopenbaar en duidelik geken kan word.
    - Hieruit moet ons aflei dat die behoefte aan die Middelaar ook deur die natuur geleer moet word.
    - Dit is so. Kyk na droogte – dit is 'n roep om verlossing. Kyk na siekte – dit is 'n roep om verlossing. Hoor Paulus wat skryf dat die hele skepping sug …

Ons kan alles só saamvat:

- Om die evangelie te ken is om die Here Jesus Christus te ken.
- Dit is om Hom in liefde en diepe afhanklikheid te loof en te prys.
- Dit is om Hom met 'n baie diep dankbaarheid te dank vir sy liefde en verlossing oor ons.

Kom ons lees wat ons hieroor bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 5 en 6.

11 Vraag: Is God dan nie ook barmhartig nie?

Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.
(a) Eks 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.

12 Vraag: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons óf deur onsself óf deur 'n ander ten volle betaal (b).
(a) Gen 2:17; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.

13 Vraag: Kan ons deur onsself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).
(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.

14 Vraag: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).
(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

15 Vraag: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).
(a) 1 Kor 15:21: (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

16 Vraag: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal (a). Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie (b).
(a) Eseg 18:4, 20; Rom 5:18; 1 Kor 15:21; Heb 2:14-16. (b) Heb2:26, 27; Ps 49:8; 1 Pet 3:18:

17 Vraag: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid (a) die las van die toorn van God (b) aan sy mensheid te kon dra (c) en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee (d).
(a) Jes 9:5; 63:3; (b) Deut 4:24; Nah 1:6; Ps 130:3. (c) Jes 53:4, 11; (d) Jes 53:5, 11.

18 Vraag: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus (d), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (e).
(a) 1 Joh 5:20; Rom 9:5; 8:3; Gal 4:4; Jes 9:6; Jer 23:6; Mal 3:1. (b) Luk 1:42; 2:6, 7; Rom 1:3; 9:5; Fil 2:7; Heb 2:14, 16, 17; 4:15. (c) Jes 53:9, 11; Jer 23:5; Luk 1:35; Joh 8:46; Heb 4:15; 7:26; 1 Pet 1:19; 2:22, 3:18. (d) I Tim 2:5; Matt 1:23; 1 Tim 3:16; Luk 2:11; Heb 2:9.(e) 1 Kor 1:30.

19 Vraag: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (a). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (b) en profete (c) laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld; (d). Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul (e).
(a) Gen 3:15: (b) Gen 22:18; 12:3; 49:10. (c) Jes 53; 42:1-4; 43:25; 49:5, 6, 22, 23; Jer 23:5, 6; 31:32, 33; 32:39-41, Miga 7:18-20; Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1. (d) Heb 10:1, 7; Kol 2:7; Joh 5:46. (e) Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1 (33:1)

1 Wat 'n liefde⌒en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 24 Februarie 2008 (Nabetragting)